# Bosveld Jagters- en Wildbewaringsvereniging
# Letaba Tak

**_Posbus 1989 Tzaneen 0850_**
***Voorsitter*** *(André le Grange) Tel: 082-322 5388* ***Ondervoorsitter Admin*** *(Dawie van Vuuren) Tel: 083-454 5391*
***Sekretaris*** *(Renier vd Merwe): Tel: 082-410 0599* ***Ondervoorsitter*** **Opleiding** *(Carel Buitendag) Tel: 082-551 8114*
**e-mail :** reniervdm@polka.co.za **Tesourier** *(Cor Olivier) : Tel: 083-424 6580*
**Sekretaresse** : Gerda Esterhuizen 015-3062307 **e-mail** : dawie.vanvuuren@brokers.absa.co.za

---

## Notule van die bestuursvergadering op 08 Mei 2008

**1. Opening en verwelkoming:**

Hansie Botha dien as voorsitter en verwelkom almal teenwoordig by die vergadering. Die verigtinge word geopen met gebed.

**2. Doelstellings:**

Die doelstellings is permanent in die klubhuis opgesit. Cor Olivier lees die doelstellings van die vereniging voor.

**3. Lief en Leed:**

Geen

**4. Teenwoordig:**

<u>Bestuur:</u>

| | |
|---|---|
| F.J van Zyl | Rob du Plessis |
| Cor Olivier | C de Wet |
| A Botha | K Osmers |
| H Botha | R van der Merwe |

<u>Lede:</u>

| | |
|---|---|
| D van der Lith | W.S Rossouw |
| P Buyst | B van Staden |
| B Williams | CJA Warwick |
| W Viljoen | A Last |

**5. Verskonings:**

<u>Bestuur:</u>

| | | |
|---|---|---|
| Andre Le Grange | Carel Buitendag | Dawie van Vuuren |
| Giam Fourie | Johnny Rech | Philip Robinson |
| Walt Katzke | Alwin Fleischmann | Ivy Iveson |

**6. Vorige notule:**

**6.1. Sake voortspruitend uit die vorige notule:**

**6.1.1.** Brown se dienskontrak is by Andre le Grange vir goedkeuring.

**6.1.2.** Vraelys vir voorlegging by uitvoerend se vergadering(Almal) – Staan oor.

**6.1.3.** Versekering kwotasies vir weerlig en diefstal(Dawie) – Staan oor.

**6.2. Goedkeuring van die notule van die vorige vergadering**

Die vorige notule word aanvaar en goedgekeur deur Hansie Botha en Frikkie van Zyl.

**7. Vastelling van die agenda:**

Agenda word aanvaar met verdere bespreking onder hoofpunte.

**8. Finansies & Administrasie:**

8.1 Tjek rekening

| | | |
|---|---|---|
| Saldo: | 03/04/2008 | R 46 172,84 |
| | 07/05/2008 | R 47 186,09 |

Spaar Rekening:

| | | |
|---|---|---|
| Saldo: | 03/04/2008 | R 4 929,26 |
| | 07/05/2008 | R 7 589,99 |

Call Account (Jag Pakkette)

Wins sal eers bepaal kan word sodra al die jag naweke wat as pryse gebied is, verby is.

8.2 Die prosesse verbonde aan CHASA en Toegewyde Jagters sal op n aparte vergadering tussen Renier vd Merwe, Carel Buitendag, Hansie Botha,Andre le Grange en Gerda Esterhuizen bespreek en vasgestel word.

8.3 Kostes vir CHASA kursus is vasgestel as volg:

- R300 as vol kursus bygewoon word. Kos en studie materiaal ingesluit.
- R250 as vol kursus bygewoon word. Kos ingesluit en eie studie materiaal word verskaf.
- R150 as kursus op eie studie aanpak en net toets kom skryf.
- R100 as kursus op eie studie aangepak en eie studie material word verskaf.

8.4 Toestemming is verleen dat geld wat spandeer is op sms'e aan Hansie Botha terug betaal kan word.

8.5 Die DB by Brown se huis moet ook reggemaak word.

8.6 Hansie Botha stel voor dat n aggresiewe opvolg van uitstaande ledegeld geloots moet word. Uitstaande lede sal op die data basis geidentifiseer word.

**9. Nuwe Lede en Toegewyde Jagters:**

Die volgende nuwe lede word voorgestel en goedgekeur:

C.P Simpson (Chris de Wet, Daan)
L.W. Horak (Chris de Wet, Cor Olivier)
R.A. Aucamp (Chris de Wet)
C Aucamp (Chris de Wet)
C. Swart (Vic Osmers)

Die volgende Toegewyde Jagters het aansoeke ingedien:

R.A van der Merwe
W.H Viljoen
J.D Eduards

## 10. Klubhuis & skietbaan gronde:

### 10.1. Arbeid

Brown se kontrak is opgestel. Cor het dit vir Andre gegee vir goedkeuring.

Daan se salaris is bespreek. Daar is besluit dat n vervoer en selfoon toelaag verskaf sal word.

### 10.2. Klubhuis:

Goedkeuring word gegee om dakverf aan te koop vir die klubhuis dak – Ivy sal met Anton by Paintpot opneem.

Abel stel voor dat die bestuurslyste teen die muur oor gedruk moet word.

### 10.3 Skietbaan:

Permanente skietbankies is in proses van vervaardiging.

Die skaniere van die boonste hek van die skietbaan is af, iemand wat n mobiele sweismasjien het moet asseblief help.

Frikkie sal kyk of n masjien gereel kan word om klein grondwerke by die skietwal te doen.

### 10.4. Kroeg

Die 3- deur yskas se kompressor is herstel.

## 11. Skietdae:

11.1 Skietdag – 10 Mei 2008:

Die ou CHASA tabel sal geskiet word tot tyd en wyl die nuwe table uitgeklaar is.

Callie Osmers sal hoof baanoffisier wees. Kostes as volg:

| | |
|---|---|
| 1e Rondte: | Lede R30 |
| | Nie-lede R50 |
| | Verdere inskrywings: R20 almal |

Die verantwoordelikheidslys is deurgewerk.

**12. Opleiding:**

Die Junior 1 kursus vind die naweek plaas. Sowat 20 leerlinge woon die kursus by.

Chris de Wet vra dat almal wat hul opleiding by VUKA gedoen het, hul sertifikaat nommers vir hom moet gee sodat die leers na die BJV toe oorgeskuif kan word.

**13. Kleiduif:**

13.1 Kleiduif uitdaging skiet

Geen

**14. Boogjag:**

Geen

**15. Handwapenjag:**

Geen

**16. Buskruit:**

Geen

**17. Windbuks:**

Geen

**18. Jaggeleenthede:**

Geen

**19. Redaktrise / publikasies / pers:**

Redelike dekking word in die pers verkry. Fotos van skietdae ens word geplaas.

Die Impala is op die internet beskikbaar (Kwartaal basis). Daar sal een volle volume een keer per jaar verskyn in harde kopie.

**19.1. Internet:**

Geen

**20. Uitvoerende vergadering:**

Die notule van die uitvoerende vergadering is beskikbaar vir insae.

**21 Fondsinsamelings**

Geen

**22. Beskikbare Vuurwapens**

Die volgende vuurwapens is beskikbaar en word te koop aangebied:

| | |
|---|---|
| CZ 75 9mm | R500 |
| 007 Geweer | R500 |

**23. Algemeen:**

23.1 CHASA televisie uitsending

n Televisie program word aangebied om jag te bevorder. Dit word op Kyknet uitgesaai in Reis en Suitcase.

13 Mei van 7:00 – 7:30 15 Mei van 7:00 – 7:30

**23. Volgende vergadering:**

Bestuursvergadering: 5 Junie 2008

**LYS VAN TOEKOMSTIGE PROJEKTE**

Die volgende lys sal bygehou word om toekomstige projekte te beplan en te prioritiseer:

1. Permanente skietbankies – In wording
2. Plaveisel by skietpunt
3. Aankoop van nuwe “Skeet” masjien (Kleiduif) – Lang termyn
4. Aanbou van muur in klubhuis – Begin eersdaags
5. Aanbou van teiken stoor – Lang termyn
6. Verbetering van skietbaan walle en uitgrawing van langshellings – Lang termyn